Saterdag 31 Oktober
Skrifgedeelte: Matteus 22:23-33; NGB Art. 12
Fokusgedeelte: Matteus 22:29-32; NGB Art. 12

## Die God van die lewendes

Is daar regtig iets soos die opstanding van die dooies? Die Sadduseërs het, anders as die Fariseërs, die opstanding van die dooies en die bestaan van engele verwerp. Net die vyf boeke van Moses was volgens hulle gesagvolle Woord van God.

Nadat Hy die Fariseërs in 'n strydgesprek koudgesit het, het die Sadduseërs Jesus sarkasties aangespreek: "Meester." Hulle wou Hom ontmasker met die bepalings oor die swaershuwelik in Deuteronomium 25:5, 6. Wanneer 'n man gesterf het voor die geboorte van 'n seun, moes sy broer met sy weduwee trou om sy naam voort te dra. Hulle vertel 'n vrou het gesterf nadat sy agtereenvolgens met sewe broers getrou het. Hulle vraag: Watter een van die sewe se vrou sou sy ná die opstanding wees? Daarmee wou hulle bewys hoe absurd die geloof aan die opstanding is.

Jesus antwoord toe: "Julle dwaal ..." Hulle het die Skrifte misbruik en nie die krag van God erken nie. Die swaershuwelik het niks met die opstanding van die dooies te make nie. Jesus sê toe dat God Hom met Moses se roeping bekendgemaak het as die God van Abraham, Isak en Jakob (Eks. 3:6). Sy slotsom: "God is nie die God van dooies nie, maar lewendes." Die aanname dat die lewe ná die opstanding net 'n voortsetting is van die aardse lewe, is ongeldig. Die God wat die engele anders as die mens geskep het, skep in sy almag ook 'n totaal nuwe bedeling ná die opstanding waarin mense nie meer in die huwelik verbind leef nie. Daarin is hulle soos die engele.

Die alwyse en alwetende Seun van God het van Homself gesê: "Ek is die opstanding en die lewe ... (Joh. 11:25). Hy leer ons: Die opstanding van die dooies is 'n werklikheid wat onder leiding van die Heilige Gees geboekstaaf is in die Woord van ons almagtige hemelse Vader.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (emeritus)*